

Skriflesing: Mattheus 27: 32- 56Teks: **Mattheus 27: 35 – 36**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 4:2,3****TYDENS EREDIENS – Ps. 146:1, 4; Ps. 33:5,7; Ps. 139:1,9; Ps. 40:5,8****Mattheus 27: 32- 56**

Mat 27:32 Toe hulle uitgaan, kry hulle 'n man van Sirene met die naam Simon, en hulle het hom gekommandeer om Jesus se kruis te dra.

Mat 27:33 Hulle kom toe by 'n plek wat Golgota genoem word; dit beteken Kopbeenplek.

Mat 27:34 Daar het hulle Hom 'n mengsel van wyn en gal gegee om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie.

Mat 27:35 Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot.

Mat 27:36 Daarna het hulle gaan sit en by Hom wag gehou.

Mat 27:37 Bokant sy kop het hulle die aanklag teen Hom in skrif aangegee: "Dit is Jesus, die koning van die Jode."

Mat 27:38 Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom.

Mat 27:39 Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud

Mat 27:40 en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jousef as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!"

Mat 27:41 Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê:

Mat 27:42 "Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo.

Mat 27:43 Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!"

Mat 27:44 Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig.

Mat 27:45 Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur.

Mat 27:46 Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Mat 27:47 Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: "Hy roep vir Elia."

Mat 27:48 Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink.

Mat 27:49 Maar die ander sê: "Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red."

Mat 27:50 Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.

Mat 27:51 Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeel geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars.

Mat 27:52 Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek,

Mat 27:53 en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het.

Mat 27:54 Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: "Hierdie man was werklik die Seun van God."

Mat 27:55 Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het.

Mat 27:56 Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die seuns van Sebedeus.

Skriflesing: Mattheus 27: 32- 56Teks: **Mattheus 27: 35 – 36**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 4:2,3****TYDENS EREDIENS – Ps. 146:1, 4; Ps. 33:5,7; Ps. 139:1,9; Ps. 40:5,8**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons staan hierdie voorbereiding-Sondag op heilige

bloedgrond. Na die plek word ook verwys as Kopbeenplek. Alles gebeur digby Jerusalem. Ons

nader Golgota. Die hoogte, sommige verwys na die plat koppie, ander praat van 'n kaal heuwel.

Om daar in daardie gruis kaalte, om op daardie plat koppie drie gate te moes grou om drie kruise

daar in te plant was nie so maklik nie. Tog weet ons mense wie se haat uit die hel aangeblaas word, het ook hulle ywer. Hoe dikwels word daar hard gepoog, daar word hard gewerk om die lewe wat God bewerk in dood om te keer. Die gate sou klaar gegrou gewees het voordat die kruise daar sou aankom. As die kruise met dié wat gekruisig sou moes word, arriveer, sou dit net ingeplant moes word in klaar gegroude gate.

As ons in hierdie tyd 'n nuwe reeks begin om vir 'n aantal weke te oordink wat is werklik al die dinge wat digby en rondom die kruis van Jesus gebeur het, dan het ons baie om te oordink. Wat is die dinge wat mense gedoen het, wat is die dinge wat mense gesê het, sluit baie dinge in. Tog gaan dit om baie meer as wat mense daar gesê en gedink het, vir ons as Kerk van die Here moet dit in die reeks gaan, nie om mense nie, maar om Jesus Christus. Wat is die dinge wat Jesus in daardie 6 ure op 'n verskriklike Vrydag in sy lewe gedink en gesê het.

Daardie Vrydag, vanaf 9h00 die oggend tot 3h00 daardie middag is ses ure se gebeure, wat ons as die Here se wil is in die volgende weke gaan poog om te probeer verstaan, te probeer verwerk, te probeer verplaas wat gebeur in die verskriklikste 6 ure wat daar op God se horlosie afgetik het. Die horlosie aan die hand van die Skrif wat sê dat *een dag is by die Here soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag* (vgl. 2 Pet. 3;8, Ps. 90:4). Met heilige ootmoed mag ek vermoed daardie Vrydag sou vir God wees, 'n enkele dag wat vir Hom wat ons Vader is, soos 1000 jaar sou wees.

Verskriklik wat op daardie enkele dag aan Sy eniggebore Seun gedoen is, wat alles daardie dag gebeur het. Dit wat gesien moet word as die donkerste dag wat daar nog ooit in die geskiedenis was. Daar sal ook nie weer 'n dag so donker kan wees waar die heiligste van mense, Hy wat waarlik mens is, sondeloos mens, maar ook in alles God, dat Hy alles wat goddelik is moes aflê, Homself moes ontledig om vir ons as mense te sterwe. Tog was Hy nie van sy liefde, sy genade en boweal van sy woorde leeggemaak nie.

In die ses ure wat sy dood voorafgaan is daar kruiswoord na kruiswoord, dit wat hoofsaaklik hierdie preekreeks sal wees, Jesus se sewe kruiswoorde wat ons vandag net inleidend hierna gaan kyk. Iemand verwys na hierdie kruiswoorde as sewe vensters, sewe vensters oop op Golgota.

Dit is vensters wat reeds oop is, wat sien u op hierdie Sondag van ons voorbereiding as u hierdeur moet kyk?! Is dit iets wat jy jou werklik op kan voorberei?! Mag die Here u geheiligde oë gee, oë werklik in staat om te mag inkyk in wat Jesus se sewe kruiswoorde hoegenaamd nie maar net nog gewone woorde kan wees nie.

As u Hom hoor sê- *Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie*, of as u Jesus hoor sê – *Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met my in die paradys wees*. Of sy derde kruiswoord- *Daar is u seun ... daar is jou moeder*. Of as ons die vierde kruiswoord hoor, dalk die mees verskriklike wat daar ooit kan wees- *My God, my God waarom het U my verlaat?* Dan die vyfde kruiswoord – *Ek is dors*- Hierdie vyfde kruiswoord die heel korste, maar watter verskriklike dors waar ons by sal moet uitkom. Dan die voorlaaste kruiswoord, die sesde ook kort maar geheel allesomvattend as Jesus sê- *Dit is volbring*. Dan kom die laaste, die sewende, waar die sewende venster net so oop is soos die ander ses vensters oop op Golgota en Jesus nie met jou en my praat nie, maar met Hom Wie sy Vader is – Hy vir God sy Vader deur die oop venster van die hemel dit mag sê - *Vader, in U hande gee Ek my Gees oor*.

Op hierdie Sondag van voorbereiding kan ons nie dadelik die vensters op Golgota wil begin oopmaak nie, laat ons vandag eerder begin deur die vensters van jou en my harte ter sprake te bring. Jou hart se vensters is nie iets wat een mens vir 'n ander kan oopmaak nie. Ja dis eintlik nog dieper, jy kan nie eers self jou hart se venster of jou hart se deur oopmaak nie, as God dit nie reeds oopgemaak het nie. Hoe verskriklik dit wat in daardie hart lê, in so 'n hart gebeur nie net verskrikkinge nie, in so 'n hart lê die ergste nog voor. Die ergste gaan nog eers later kom maar tog mag ons dit waag om vandag op die kruisterrein drie soorte van mense te onderskei, drie soorte van gronde waarop daar beweeg was, drie soorte van gesindhede te moet raaksien en ek vir myself by hierdie Voorbereiding vandag sal moet sê – Hier pas ek in, hier is ek in wat daardie drie soorte van mense daardie Vrydag by die kruis ook was. My gesindheid was dit of my gesindheid is dit nie. Dink u in daar was hulle wat heel gevoelloos was, hulle dié soldate. Daar was hulle wat werklik vyandig was, Jesus se volk, sy eie mense die mees vyandigste, daar was hulle wat ons graag saam mee sal wil Nagmaal vier- die wat se harte so stukkend was, die vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het, hulle wie se simpatie so groot is, maar wat Hom nie nou kan versorg nie, geeneen wat Hom in sy verskriklikste van ure van die kruis kon afhaal nie. Kom

ons dadelik die vraag vra na die eerste groep, in die Kerk sien ons ook sulke mense, die mees gevoellose, hulle wat ons plat mag stel, hulle eintlik nie 'n flenter omgee wat gebeur nie, so lank ekself net nie skade lei nie, net solank ekself nie betrokke hoef te raak nie.

Die eerste kring wat ons trek is die kring rondom die soldate.

Ons kan hierdie eerste kring van mense noem hulle wat gevoelloos handel, gevoelloos hulle eie belange eerste stel. Een noem dit 'n gevoel van *apatie*. Nie antipatie of geen simpatie nie, maar apatie. Hulle is die naaste aan die kruis, of hulle dalk vroeër of die vorige dag gatgrawers vir die kruispale was, weet ons nie. Hulle staan die naaste maar in hulle harte eintlik die verste. Maar net nog 'n werk, ons is die soldate wat maar net doen wat die bevelvoerder sê – dis ons opdrag, ons gehoorsaam net. Die getal wat die spykers aftel en inslaan was gewoonlik net vier soldate. Vier ruwe rowwe manne wat die hamer kan slaan. Die gebeure raak hulle nie regtig nie, dit roer hulle ook nie eintlik nie.

Dis dieselfde manne wat Jesus se klere uitgetrek het, 'n kopdoek, 'n bo-kleed, 'n gordel, 'n paar sandale en in Jesus se geval spesifiek sy onderkleed wat sonder naat was. Om dit te verdeel moes dit geskeur word; dit wou hulle nie doen nie, want dan is dit eintlik niks werd nie. Daarin het die profete al gespreek hoe daarvoor die lot gewerp sou word. In Joh. 19 vers 23 staan dit so mooi ... *die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe*. Hoe bewaarheid hulle die profesie van Psalm 22:19 *Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad*.

Al wat die kruis vir hulle beteken is materiële gewin ... ons vat wat ons wil hê, maar die Man om Wie dit eintlik hier gaan met Hom het ons eintlik nie 'n saak nie. Hy is nie regtig ons Vriend nie, ook nie ons vyand nie. Hy kon maar net sowel iemand anders gewees het wat nou gekruisig gaan word, dan het dit ons ook nie geraak nie. Ons het darem weer ietsie gekry. Sy skoene, sy klere, sy kopdoek, hierdie onderkleed speel ons maar ons soldate-speletjie, kom ons trek lootjies, kom ons werp die lot daarvoor!

Geliefdes soos hierdie soldate met Christus gemaak het, so is daar vandag nog baie wat eintlik so is. Soos met Christus, so word ook met sy liggaam, sy Kerk gemaak. Daar is nie regtig belangstelling nie. Of die kerk nou hier is en of dit ook nooit hier sou wees nie, my lewe gaan

eintlik maar by die Kerk verby. Daar is darem so nou en dan voordeel dat hier kerk is maar die voordeel is ook maar net-net. Ek sou goed daarsonder kon klaarkom.

Geliefdes, ek vertrou u begryp met watter gesindheid het ons deur hierdie soldate by hierdie voorbereiding mee te make. Dis die totaal onbetrokkene, die lewe word vir hulle net 'n gejaag na die materiële, na my beursie en geluk, na my welsyn moet ek kyk, anders sal niemand daarna kyk nie. Terwyl Jesus ons soveel anders leer. Daar word na ons gekyk, daar word vir ons gesorg, kyk maar na die lelies van die veld, kyk maar na die voëls van die hemel. Hoe pynlik is dit vir Hom wat daar gekruisig sou hand, nakend sy klere afgevat en dan hierdie mens se afsydigheid. Ongeërg oor die kruis en die Kruiseling daar in die middel op Golgota, vir Hom voel ek eintlik vere! Geliefdes maar die kring van soldate word ook vandag 'n groter kring. Daar is ook 'n tweede groep daarrondom die kruis. Dit is ons tweede gedagte:

Ons trek 'n tweede kring rondom dié mense wie se vyandskap eintlik geen perke ken nie:

Vir hulle is die Vrydag 'n dag wat die haat en vyandskap, ja die afsydigheid, die antipatie laat blaas en laat skreeu, *kruisig Hom, kruisig Hom*. By die soldate was daar 'n gevoelloosheid, by hierdie mense, ja hulle wat daardie dag die meerderheid sou wees 'n absolute vyandigheid. En dit is nie vreemdelinge nie, dit is juis mense van Jesus se eie volk. Sy eie volk haat Hom die meeste. Dit wat ons deur die oop venster moet sien, pynliker as die spykers wat deur sy hande en voete gaan is dat dit sy eie mense is wat só maak. Wat Hom die meeste haat.

Dis briesende Jode, Israeliete, hulle wat veronderstel was om die Godsvolk te wees, niemand wat die Seun van God so haat soos hulle dit hier bewys nie. Die Man van smarte word deur hulle, ja hulle wat hulleself met die tempel van hulle tyd, vandag sou baie mense die kerk van hulle tyd kon noem, daar leef die meeste haat. Daarom het Jesus nog in dieselfde week voor Hy nou hier gekruisig hang, Onthou u toe ons ook uit Maleagi gesê het, wanneer is godsdiens verskriklik, wanneer is daar niks so gevaarlik soos godsdiens nie, is wanneer daar in die Naam van God, die meeste haat en liefdeloosheid na vore kom. Dan is godsdiens verskriklik en dan is die kerk lankal nie meer die kerk waar God se vergewing, verlossing en versorging voorop gestel en werklik verkondig en uitgeleef word nie. Dis waarom Jesus nog die laaste Maandag van sy lewe mense uit die tempel uitgedryf het, ja die kerk het geword 'n plek wat dit nie moes wees nie.

Jesus was gevul met goddelike toorn; die woede wat geheilig is laat Hom 'n sweep vleg en dit het gegaan oor sy eie mense.

Sekerlik het dit bygedra tot sy eie mense se haat teenoor Hom. In plaas van om hulle te bekeer, in plaas van om werklik te probeer hoor wat Hy sê, in plaas van om agter die sweep eintlik sy ontnugtering en liefde vir sy eie mense raak te sien, word hulle al meer siende blind en horende doof vir wat Hy eintlik vir hulle kom sê het en vir hulle kom doen het. *37 "Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie (Matt. 23:37).*

As ware liefde, as goddelike liefde nie reg geantwoord word nie, word dit die eintlike gevaar van godsdiens. Dan word dit dié monster wat mense al kerklik beleef het van die skynheiliges en die huigelagtige wat hulle dikwels as so godsdienstig kan voordoën, maar godsdiens is eintlik net die wapen om ander baie mee seer te maak. Moet nie dink ons is dit gevrywaar nie! Die eerste moord op aarde, ja Kain slaan vir Abel dood is op godsdienstige terrein bedink en begaan. Dis vir die kantig heilige Naam en heilige tempel en heilige volk wat die klomp mense maak of hulle daarvoor opstaan, maar vir die heilige Seun van God het hulle geen plek nie. Het godsdiens dan nie die grootste bedrogspul geword wat daar kan wees as die Middelaar, die werklike Een om Wie dit gaan nie meer die middelpunt van jou geloof is nie?!

Ja, daar staan die grootste klomp van hulle om die kruis, die getalle is groot, maar dit is nie omdat hulle werklik vir Christus lief het nie, maar dit is omdat hulle Hom werklik haat. Die damwal van haat het sy wal gebreek, nou spoel dit oor Hom, die Seun van Wie sy liefde nooit betwyfel kon word nie – Dink 'n slag weer goed na oor wat staan in Joh. 3:16-18: *16 "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. 17 God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. 18 Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.* Dis woorde wat daar rondom die kruis sin vir sin in vervulling gaan.

Geliefdes die kerkvolk vandag het baie om oor na te dink. Ons noem onself kerk maar in hoe baie gevalle het die kerk geword mense wat haat (en skinder en kan kwaadpraat) en nie 'n flenter omgee vir die seerkry van ander nie. Het die plek geword die plek wat nog die waarheid van God se Woord, nog die liefde van God se Seun mekaar nie ontmoet nie. As die twee mekaar nie meer kan ontmoet nie, as dit nie twee is wat één in jou lewe geword het nie, dan mis ons die punt van kerk-wees, broeder en suster. Die kerk wat in alle geval nie 'n plek is om na te kom nie, maar dis 'n kom na 'n gebeurtenis. Wat gebeur hier as God met jou praat, dit is waarom dit in hierdie Kerk om moet gaan! Dit gaan om die koms van God se koninkryk en hoe hierdie Koninkryk nou in jou en my lewe lyk maar steeds aan die kom is. As ek nie hierdie gebeurtenis kan insien nie, mag ons die Here vra dat dit spoedig moet gebeur. Mag ons die Here vra dat die derde kring wat ons vandag daar rondom die kruis op Golgota mag trek, jou en my kring sal wees. Kom ons trek dan die laaste kring voordat ons DV volgende Sondag sal kom by die eerste kruiswoord wat daar gespreek is:

Hoe lyk die kring as dit rondom 'n groepie vroue (en 'n enkele man) getrek word:

Dis nie-amptelik, tog wel amptelik die mense waarmee ons die beste mee moet kan identifiseer. Daar is nie ampte nodig om dinge amptelik te laat gebeur nie. Ja, het dit nie lankal iets van die ironie van kerk-wees geword nie! *Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het.* Wat sê dit nie alles nie! Kan jy werklik hiermee identifiseer as ons volgende Sondag na die tafel van die Here kom.

Hulle lyk die vêraf mense te wees, daar by die kruis lees ons hulle staan op 'n afstand en kyk. Tog as dit gaan om wat werklik saakmaak toe dit moes saakmaak, toe was hulle die mense wat weet watter nommer sandaal dra Jesus. Hulle het sy voetspoor geken, hulle kon daarin trap, hulle het Hom gevolg, hulle het vir Hom gesorg. Hulle name word een vir een genoem, terwyl die amptelike soldate maar net amptenare was, die volk die werklike vyande en hierdie vroue tog maar die eintlike kerk. Dit wat 'n kerk veronderstel is om te wees en te doen. Waar Jesus gevolg en geken word, waar mense weet wat Hy van ons verwag. Hoe ons as kerk vir mekaar moet sorg. Daar is Maria die vrou van die dorpie Magdala, daarom noem baie haar Maria Magdalena, daar is Maria, die derde kruiswoord gaan na haar toe kom, moeder van Jesus, moeder van Jakobus, moeder van Judas, man van Josef. Daar is die moeder van die seuns van Sebedeüs, daar is Salomé en dan lees ons gewoon verder ... *ook baie ander vroue wat saam met Hom*

opgegaan het ... Dan eers kom die eerste man ter sprake, Johannes, die dissipel wat Jesus liefgehad het, ja wederkerende liefde word 'n weerm liefde as ons sy evangelie lees, weer om sy briewe, drie van hulle, en dan ook nog Openbaring, die laaste boek van God se Woord. Elke keer hy wat Christus liefgehad het. Die liefde wat alles oorwin het hom ook oorwin! Daar is iewers nog 'n Maria, die ander Maria sa baie haar noem, ons kry haar nie benoem nie, maar sy is intel toe dit werklik saakmaak.

My vraag by hierdie voorbereiding vandag sou jou en my naam hierdie derde kring, hierdie register kon inpas, sou jy graag jou naam hierby wou skrywe. Vandag was ons by drie groepe, drie kringe van mense, drie soorte van gesindhede, ja mag u alreeds geantwoord het, waar pas ek in?! Ook as ons volgende Sondag by Nagmaal die oop vensters nog weer verder moet oopskuif

AMEN